NG Kerk in Oos-Kaapland

SKRIBA: SINODALE KOMMISSIE
Ds Danie Mouton
E-pos: skriba@ngkok.co.za
www.ngkok.co.za

Posbus 34842, Newton Park, 6056
Tel:. (041) 365 3159
Faks: (041) 365 3156
Sel: 082 9234 178

My verwysing: S20080926

26 September 2008

Die Voorsitter Moderamen
VGKSA Kaapland
Privaatsak X1
BELHAR
7490

Geagte dr Boesak,

VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING : NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Die Oos-Kaaplandse moderatuur het kennis geneem van die onlangse opskorting van die formele kerkherenigingsgesprekke met die NGK Wes- en Suid-Kaapland. Dit raak dus die gesamentlike moderatuursvergaderings waarby ons Sinode ook verteenwoordiging geniet.

1. Ons verbintenis

1.1 Die moderatuur bring graag onder u aandag dat die NG Kerk in Oos-Kaapland verbind bly aan die lewende Here se opdrag tot eenheid. Ons wil die eenheid van ons geloof uitleef binne die een liggaam van ons Here Jesus Christus. Hierdie verbintenis het reeds gelei tot bepaalde gemeenskaplike bedieninge en inisiatiewe binne ons sinodale gebied as egte uitdrukkings van ons verbondenheid in Christus, en aan sy kerk.

1.2 Ons verbintenis word gedra deur die waardes waartoe ons reeds vroeër met mekaar ooreengekom het binne die Kaaplandse Konvent vir Eenheid. Ons bevestig die volgende:
Ons sal -

- verbonde bly aan God se roeping tot kerkhereniging;
- gesprek bly voer tot op gemeentevlak;
- mekaar se verskille vier, respekteer en verdra;
- mekaar onvoorwaardelik aanvaar en vertrou;
- mekaar vergewe; en
- mekaar se belange dien.

2. Voorgestelde belydenisgrondslag

2.1 Aangesien ons doelwit ‘n herenigde kerkverband is, is die integriteit waarmee die Belydenis van Belhar hanteer word van wesenlike belang. Ons stel voor dat die gesprek rondom ons belydenisbasis, en spesifiek rondom die Belhar-Belydenis, gefokus word op die wyse waarop die belydenisgrondslag in ‘n herenigde Kerkorde verwoord sal word.

2.2 As moderatuur steun ons die bewoording rondom die Belydenis van Belhar soos dit tans in Artikel 2 van u kerkorde opgeneem is: “... die Kerk aanvaar verder die Belydenis van Belhar soos wat dit tans van dié kerk in die Suider-Afrikaanse situasie vereis word”.

3. Konvent vir Eenheid

3.1 Die Kaaplandse Konvent vir Eenheid is in ‘n tyd gebore toe daar min vordering op ander vlakke rondom kerkhereniging gemaak is. Sedert die verbondsverbintenis te Esselenpark in Junie 2006 was daar - om vanselfsprekende redes - min aandag aan die Konvent as struktuur vir die bevordering van kerkhereniging gegee. Na ons mening het die tyd nou weer aangebreek om die Kaaplandse Konvent byeen te roep. Ons benodig so ‘n vergadering om die verbondsverbintenis tot eenheid binne ons Kaaplandse sinodale gebied te herbevestig, op ‘n wyse wat kongruent is met die groot vordering wat by Esselenpark in 2006 plaasgevind het, en daarna verder gevoer is tydens die Bloemfontein-byeenkoms van Augustus 2006 en via die voorstelle wat met Achterbergh I en II geformuleer is.

3.2 As deel van die gesprek by so ‘n voorgestelde Konvent sal ons graag ons eie Oos-Kaaplandse Sinode se besluite van November 2007 op die tafel wil plaas. Dit beskik oor die potensiaal om ons eenheidsprosesse verder te ondersteun.

3.3 So ‘n Kaaplandse Konvent sal gesamentlike besluite oplewer, wat as voorstelle by die sinodes van die onderskeie kerke kan dien.

4. Bestaande groei na eenwording op grondvlak

4.1 In sy kwalitatiewe, samevattende verslag oor die kerkherenigingsterugvoer, skryf prof Hennie Pieterse oor die NG Kerk in Oos-Kaapland: ***Uit gekose respondente kry ons die indruk dat die gemeentes uit die Oos Kaap wat ons ondersoek het, samewerking met ons dogterskerke nie net voorstaan nie, maar reeds (nie-amptelik) verder gevorder het as die voorgestelde model van die Algemene Sinode.***

4.2 Ons noem enkele voorbeelde:

4.2.1 Op verskeie plekke in Oos-Kaapland het die kerkherenigingsprosesse reeds tot konkrete groei na organiese eenheid aanleiding gegee. Binne een van ons ringe is al die leraars betrokke by bediening aan VGK-gemeentes. Dit geskied met die volle verrekening van die belydenis-grondslag van die VGK.

4.2.2. Daar is meer as een gemeente op plattelandse dorpies waar eenheidsgesprekke tussen gemeentes op die tafel is.

4.2.3 Die Ring van Albanie, deur wie se gebied die Visrivier loop, het besluit om daadwerklike stappe te neem sodat die Visrivier nie langer ‘n simbool van oorlog, stryd en verdeeldheid sal wees nie (dink aan die oorloë aan die oosgrens van die 19e eeuse Kaapkolonie), maar ‘n simbool van eenheid.

4.2.4 Die Sinodale Kommissie neem inisiatief om - saam met die VGK - ‘n simboliese eenheids-handeling in die Katriviervallei uit te voer. Dit is in die gebied van die ou Stockenstroom-gemeente, vanwaar gebeure en praktyke destyds meegewerk het aan die 1857-besluit.

5. Versoek

In die lig hiervan versoek ons die VGKSA Kaapland om met ons saam te werk aan die bou van organiese kerkeenheid binne ons strukture.

Vriendelike groete,



Ds Danie Mouton
Skriba NG Kerk in Oos-Kaapland